Dinsdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13-21	**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:18-20**

Ons weet … waartoe God ons geroep het

Hier in die slot hoor ons die kern van dit waaroor die brief handel. Met die herhaling drie maal "*ons weet*" in verse 18-20.

Dit is amper soos 'n bekommerde pa wat sy kind vir die eerste keer wegstuur uit die huis uit om 'n "grootmens"-lewe te gaan aandurf, wat wil sê: "As jy alles vergeet wat ek jou lewe lank vir jou geleer het, onthou asseblief net die volgende ..." Dan hoor ons: Ons weet ...

- Kinders van God sondig nie ... nie omdat hulle nie daartoe versoek word nie, maar die wedergebore hart is deur die genade in Jesus Christus daagliks op sy hoede teen die sondige natuur, gereed om die lustige aanslae van die bose af te weer.
- Dat ons vanuit die genade van God nie aan die duiwel behoort nie, dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig moet word nie. Want ons behoort aan God vanuit die regverdigmaking in ons Verlosser en Here, daarom moet ons daadwerklik breek met alle sonde.
- Dat die koms van Christus die troosryke waarborg is van die verlossing wat God ons skenk, waardeur Hy ons die volle openbaring van ons saligheid ook wysmaak.

Hierdie is die gronde waarop ons God in gebed kan pleit om vergifnis van al ons sonde. Dat ons met sekerheid kan weet dat die Here ons opregte berou genadiglik sal aansien.

Dat gelowiges vanuit die bewustheid van die onverdiende genade vir onsself ook met opregtheid sal bid vir die sonde van ons broers en susters, om sodoende ook die bereidwilligheid te mag verkry om mekaar te herinner aan die roeping wat God Waaragtig ons opgelê het (Matt. 18).

Sing: Psalm 14-1: 4-7

Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)